
# Jy Is Nie Verslaan NIe






**2020-06-14**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**




## INLEIDING

- Omstandighede beinvloed ons gemoed.
- Moontlik voel jy vandag verslaan en moedeloos.
- Party heers oor omstandighede en by ander heers omstandighed oor hulle.
- Hoe gaan jy hierdie laaste tye binne? Vrees of Oorwinning

# Skrifgedeeltes

- Hab 3:16-19





## Hábakuk sien swaar tye vir Israel

- Ons leef in die laaste dae.  (Swaar tye).
- Habakuk vrees toe hy verneem hoe lank die volk verdruk gaan word.
- Hy is bekommerd hoor hulle gees en gemoed en dat hulle moedeloos gaan word.

Hab 3:16  Toe ek dit hoor, het my **ingewande gebewe**; my **lippe het getril** by die geluid**, bederf het gekom in my gebeente**, ja, ek het **gebewe** waar ek staan, omdat ek **rustig moes wag op die dag van benoudheid** dat dit aanbreek vir die volk wat op ons ‘n aanval maak.

## Hábakuk dink terug

- Moet nie vergeet wat God vir jou gedoen het nie. (Boodskap van die vermeerdering van die brode en vissies).
- Hab 3:3-15  Habakuk dink terug.
- Dink aan God se wonders
- Hoor hoe doen Asaf dit toe hy benoud was:

Ps 77:3  Op die dag van my benoudheid soek ek die HERE; snags bly my hand uitgestrek sonder om moeg te word; my siel weier om getroos te word.
Ps 77:4  As ek aan God dink, moet ek steun; peins ek, dan versmag my gees.
Ps 77:6  Ek dink oor die dae van die voortyd, oor die ou, ou jare.

## Al lyk die prentjie hoe donker...

**Hab 3:17**  Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie

- Ekonomie
- Voedsel (landbou)
- Werkloosheid
- Onsekerheid

- Vrees
- Siekte
- Bekommernis

## Nogtans.. (Hábakuk gaan oor in 'n toestand van blydskap)

**Hab 3:18** **Nogtans** sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil.

- **Kies** om te jubel in die Here (binne in jou omstandighede)

**Hab 3:18** Yet I will (**choose to**) **rejoice in the Lord**; I will (choose to) shout in exultation in the (victorious) God of my salvation!

- God is ons heil (redder)
- **Goeie nuus** vir hulle wat Jesus Christus ken as verlosser en

Rom 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons **meer as oorwinnaars** deur Hom wat ons liefgehad het.
Rom 8:38 Want ek is versekerd dat **geen** dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge
Rom 8:39 of hoogte of diepte of enige ander skepsel **ons sal kan skei van die liefde van God** wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

## Nogtans..

**Hab 3:19** Die HERE Here is my **sterkte**, en **Hy maak my voete soos dié van herte**, en Hy laat my tree op my **hoogtes**.

**Hab 3:19** The Lord God is my **strength**, my **personal bravery**, and my **invincible army**; He makes my **feet like hinds' feet** and will make me **to walk** (not to stand still in terror, but to walk) and make (**spiritual progress upon my high places** (of trouble, suffering, or responsibility).

**Hab 3:19** The Lord God is my **strength**; he will give me the **speed** of a deer and bring me **safely over the mountains**.

**Gen 49:21** Náftali is soos 'n wildsbok so **vry**, hy wat **mooi woorde** laat hoor.
**Psa 42:2** Soos 'n hert wat **smag na waterstrome**, so smag my siel na U, o God!
**Psa 18:34** Hy maak my voete soos dié van herte en laat my staan op my **hoogtes**.

## Jy is nie verslaan nie

- Jy weet mos in wie jy glo.

**2Ti 1:12** Om hierdie rede ly ek ook hierdie dinge; maar ek skaam my nie, want ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.

- God is groter... **Sy Gees is binne jou**

Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, **groter** is as hy wat in die **wêreld** is.
1 Joh 4:4


## Afsluiting

- Jy is nie verslaan nie!
- Wat is jou hoë plek vandag?

**Luk 21:25 -27**
- Tekens
- Benoudheid en radeloosheid
- Mense se harte beswyk van vrees
- Jesus kom met groot krag en heerlikheid

**Luk 21:28** En as hierdie dinge begin gebeur, **kyk dan na bo** en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.

**2Tim 1:7** Want God het ons **nie** 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van **krag** en **liefde** en **selfbeheersing**.



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

**Bronne:** Die Bybel (1953); Matthew Henry Commentary; Living Bible; Amplified Bible